

5

GOD SE LIEFDE

Wees 'n voorbeeld van liefde

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet God se liefde vereis dat hulle voorbeelde sal wees van hoe 'n Christen liefde moet uitleef.

SPEKIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat liefde in daade omgesit moet word.
- dat liefde dikwels meer van jou vra as wat jy bereid is om te gee.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees –

- om op te offer ter wille van liefde.
- om Jesus Christus deur hul liefde te eer.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om prakties hul liefde te gaan bewys.

MEER INLIGTING (Die brief aan Filemon)

Paulus het op 'n keer 'n brief aan Filemon geskryf. Filemon was 'n gemeentelid van die gemeente Kolosse. Paulus begin die brief deur ook groete aan Affia en Argippus te stuur. Affia was waarskynlik met Filemon getroud en Argippus was hul seun. Die briefie word dus aan 'n gesin geskryf. Die brief handel oor 'n versoek van Paulus oor 'n man met die naam Onesimus.

Onesimus, 'n slaaf, het in Kolosse sy ryk eienaar, Filemon, skade berokken – waarskynlik deur diefstal – en toe weggeloop. Slawe is in die Bybelse tyd nie altyd beskou as mense met

waarde nie. In Rome het Onesimus saam met Paulus in die tronk beland en daar onder leiding van Paulus en die Heilige Gees tot bekering gekom. Paulus stuur toe vir Onesimus met 'n brief terug na sy eienaar Filemon. In die brief vra Paulus vir Filemon om die slaaf te vergewe vir wat hy gedoen het, indien nodig die skade op Paulus se rekening te sit en Onesimus terug te neem, nie net as slaaf nie, maar ook as 'n broer en medegelowige in Christus.

Paulus het verneem dat Filemon 'n man was wat sy geloof uitgeleef het, iemand wat die liefde van God aan ander bewys het. Op grond van hierdie liefde versoek Paulus vir Filemon om Onesimus te vergewe, terug te neem nie net as 'n slaaf nie, maar ook as 'n medegelowige, as 'n broer.

Paulus se doel met hierdie brief is om versoening tussen Filemon, sy eie huisgesin en Onesimus, die slaaf, te bewerkstellig. 'n Christen is nie net verplig om te vergewe nie maar ook om lief te hê. Ons as Christene moet ons geloof uitleef. Dit word van ons verwag om nie net te vergewe nie, maar om 'n ander te aanvaar, terug te neem in ons midde, veral waar die ander persoon 'n medegelowige is, selfs al lyk dit vir ons onmoontlik. Jesus Christus het die onmoontlike gedoen. Hy het al my sondes vergewe. Hy het 'n absolute sondaar soos ek weer aanvaar. Op grond daarvan moet daar ook versoening tussen my en ander kom.

In 'n gemeente is dit belangrik dat mense vir mekaar lief moet wees. Ongelukkig gebeur dit ook in 'n gemeente dat mense mekaar teleurstel of selfs te na kom. Die doel van Paulus se brief aan Filemon was om Filemon te oortuig om Onesimus weer terug te neem. Paulus pleit by Filemon om dit te doen omdat Filemon vir Paulus nog altyd 'n voorbeeld van liefde was. Paulus vra dit van Filemon omdat Filemon dit aan Onesimus verskuldig is. Dit is sy Christelike plig. As mede-Christen vereis die liefde dit van hom.

Uit die brief kan afgelei word dat Onesimus wel vir Filemon skade berokken het. Filemon sal dus nie so gretig wees om Onesimus terug te ontvang nie. Paulus wys inderwaarheid vir Filemon daarop dat dit is wat Christelike liefde beteken. As gelowige sal Filemon moes vergewe waar ander dit nie sou doen nie. Filemon moes nou in liefde teenoor Onesimus optree. Paulus versoek dat Filemon nie net vir Onesimus as slaaf terug sal ontvang nie, maar as 'n broer in geloof. Waar gelowiges saamwoon of saamwerk, geld ander reëls as in die gewone wêreld.

Hierdie gesindheid sien ons in die oortreffende trap tydens die kruisiging van Jesus. In Lukas 23: 32-43 word beskryf hoe Jesus saam met twee misdadigers gekruisig word. Jesus is vals beskuldig, onskuldig bevind, maar wel ter dood veroordeel. Ten spyte daarvan vra Jesus sy Vader in die hemel om die mense te vergewe wat 'n aandeel het aan sy kruisiging en dood omdat hulle nie besef waarmee hulle besig is nie. Jesus vergewe self ook sonder voorwaardes die een misdadiger wat aan die kruis om genade smeek. Hy gee selfs vir hom die ewige lewe. Ons sou dit waarskynlik anders hanteer het. Ons sou God gesmeek het om die mense wat skuldig is te veroordeel en te straf.

Dit is die beginsel agter enige daad van ware liefde. As jy sou vra waarom jy byvoorbeeld dit waarvoor jy hard gewerk het uit barmhartigheid sommer net so vir 'n ander sal gee, is die antwoord dat God se liefde jou daarvan oortuig. Waarom sal jy iemand wat jou te na gekom het, help as hy probleme het? Net omdat God se liefde jou daarvan oortuig. Soos wat God barmhartigheid teenoor ons betoon deur Jesus namens ons te laat boet vir ons sondes en skuld, moet ons ook barmhartigheid teenoor ander betoon.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Drie tydskrif- of internetartikels of koerantberigte waar drie verskillende situasies van konflik tussen gesinslede, medeskoliere, kollegas by die werk of selfs binne 'n gemeente of kerk bestaan.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE GEDOEN EN KAN HULLE ONTHOU?

- Laat die kinders vir die groep lees wat hulle neergeskryf het oor een van hul gesinslede in terme van:

Wie die gesinslid is	Wat dié gesinslid vir hom of haar beteken	Wat hy of sy vir die gesinslid beteken
----------------------	---	--

- Laat enkele kinders vertel wie hulle seergemaak het en hoe hulle op hul eie manier daarvoor vergoed het.
- Kontroleer of die kinders die woorde van 1 Korintiërs 13: 1 ken: *Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Laat die kinders die volgende situasie bespreek:

Een van jou beste vriende het 'n leuen oor jou versprei en dit het jou baie seergemaak. Hy of sy kom vra jou om verskoning en vra of jy hom of haar sal kom ondersteun by die sportbyeenkoms.

IETS INTERESSANT

Gebruik die besonderhede by MEER INLIGTING en verduidelik aan die kinders dat liefde vir God dikwels meer van jou vra as wat jy bereid is om te gee. Jou optrede teenoor ander gaan oor die eer van Jesus Christus.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:

- Paulus het aan Filemon geskryf om hom te vra om sy slaaf Onesimus te vergewe.

- Filemon het sy geloof uitgeleef. Hy word daarom gevra om sy slaaf as 'n broer terug te neem.
- Van 'n Christen word verwag om te vergewe selfs al lyk dit vir ons onmoontlik.
- Jesus Christus het die onmoontlike gedoen deur absolute sondaars soos ons weer te aanvaar. Daarom moet daar ook versoening tussen my en ander kom.
- In alle omstandighede is dit belangrik dat gelowiges vir mekaar lief moet wees.
- Ongelukkig stel ons mekaar teleur en kom ons mekaar te na.
- As mede-Christene vereis die liefde van ons om mekaar te aanvaar.
- Ons moet vergewe waar ander in die gewone wêreld dit nie sou doen nie.
- Jesus leer ons dit, veral toe Hy gekruisig is.
- Al is Hy vals beskuldig, vra Jesus sy Vader om dié wat Hom laat kruisig het, te vergewe.
- Soos wat God barmhartig teenoor ons is, moet ons ook barmhartigheid aan ander bewys.

IETS OM TE DOEN

Wys en lees die drie verskillende tydskrif- of internetartikels of koerantberigte. Verdeel die kinders in drie groepe en laat elke groep een van die berigte of artikels aan die hand van die volgende vrae bespreek. Daarna kom almal weer in die klas bymekaar en doen verslag na aanleiding van hul bespreking.

- Hoe sou jy voel as jy in die een wat te na gekom is se skoene gestaan het?
- Hoe sou jy versoening in so 'n situasie bewerkstellig?
- As versoening in hierdie situasie nie moontlik is nie, hoekom?
- Wat sou jy sê is die sleutel tot vergifnis in hierdie situasie?
- Hoe leer hierdie brief aan Filemon ons almal iets oor versoening?

BY DIE HUIS

DOEN

- Elke kind teken 'n kaartjie of skryf 'n briefie in sy of haar boek by Les 7 aan iemand wat hy of sy normaalweg nie lief sou hê nie en vra om daarvoor vergewe te word. Dit wat hulle oor liefde en vergifnis geleer het, vorm die kern van die boodskap van hul kaartjie of briefie.
- Die kinders gaan bewys prakties hul liefde op een van die volgende maniere en kom vertel wat hulle gedoen het:
 - Gaan doen iets vir iemand by 'n tehuis vir bejaardes.
 - Gooi 'n ekstra deel van hul sakgeld in die kollekesakkie na die erediens.
 - Koop vir iemand van wie hulle by die skool nie hou nie, iets by die snoepie.

LEER

Jesus Christus het versoening tussen my en God gebring, en op grond daarvan moet daar ook versoening tussen my en ander kom.

AFSLUITING

Lees of sing Gesang 284 as gebed.

*Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.*

*O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.*

*Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.*

*O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.*

*Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.
Amen.*